'n Weerklank van gedagtes

LISEL JOUBERT

Daar is die afgelope tyd baie geskryf en nagedink oor kerk-wees in ons tyd, en nie net in die NG Kerk-tradisie nie. Dit is die gevolg van 'n groeiende besef dat ons bestaande kerkstrukture en manier van kerk-wees vir mense van ons tyd vreemd geraak het en nie noodwendig hul eietydse behoeftes aanspreek nie. Teoloë wat oor kerk-wees nadink, verwys gewoonlik na die tydgees van postmodernisme, globalisasie en dan natuurlik die uitdagings van post-apartheid Suid-Afrika. Die kerk word opgeroep om weer haar missionêre, kerk-vir-die-wêreld karakter te herontdek in 'n tyd waar geloof en kerk-wees nie meer vanselfsprekend is nie.

Vrae word gevra: Wie is die God wat ons roep? Watter rol het ervaring in ons kerkbelewenis? Stellings word gemaak: verhoudings is belangriker as strukture; die mens moet in sy/haar hele menswees aangespreek word. Vaardighede uit die besigheidswêreld en ander dissiplines word nader getrek om antwoorde te verskaf. Die implementering van dié insigte het dikwels 'n varsheid en nuwigheid van teologiese denke en kerklike verstaan tot gevolg, maar soms word die nieverstaan, die misterieuse kant van kerk-wees vergeet. Dis 'n dimensie wat kerk-wees tog anders maak as ander instellings van die wêreld.

In so 'n tyd van nadink, nuut dink en eksperimenteer, kan dit nie skade doen om ook ekumeniese insigte in oorweging te neem nie. As 'n mens die ekklesiologie van ander tradisies bestudeer, is die ooreenkomste soms verbasend groter as die verskille. Ons kan maar gedurig wyer luister, al is dit net om weer geïnspireer te raak oor dit wat kerk-wees kan wees, ook in ons land. 'n Ander beweegrede is natuurlik die feit dat die Christelike gemeenskappe 'n gemeenskaplike erfenis het, naamlik die nalatenskap van die vroeë kerkvaders.

Ek het die woorde van 'n Grieks-Ortodokse teoloog John D. Zizioulas in sy boek "Being as communion" (St Vladimir's Seminary, 2002) ervaar as 'n weerklank van woorde, wat ook op die oomblik in ons NG Kerk se nadink oor kerk-wees gebruik word.

Zizioulas is een van die bekendste Grieks-Ortodokse teoloë van ons dag. Waar die ortodokse tradisie vir baie jare niks nuuts gepubliseer het nie, het daar in die sestigs van die vorige eeu 'n oplewing gekom. Dit was egter, soos Zizioulas self erken, maar meestal 'n napratery van westerse teologie. Hy doen moeite om die kenmerkende idees van die Oosterse Christelike tradisies te herontdek. Ek verwys in hierdie artikel net na die inleidende gedeelte van sy nadenke oor kerk-wees soos gevind in bogenoemde boek. 'n Volledige hantering van die inhoud van sy boek sal net in 'n langer artikel weergegee en bespreek kan word.

Zizioulas (2002:15) herinner ons dat ons nie altyd die ongelooflike denkprossesse begryp wat Latynse en Griekse kerkvaders moes deurgaan om God in die filosofiese wêreld van hulle tyd te verwoord nie, sodat dit in die taal en denkwêreld van hulle tyd verstaan kon word. Hulle eerste verwoordings is nog die basis van ons teologiese grondslag is. Van belang is die verband tussen die vroeë kerkvaders, veral Griekse vaders, se Godsverstaan en hulle verstaan van die kerk.

Hierdie noue band beïnvloed Zizioulas om te redeneer vanuit die oortuiging dat 'n mens oor kerk-wees net vanuit ekklesiologiese ervaring

kan teologiseer, wat 'n ervaring van gemeenskap is. Dit is 'n gemeenskap wat God as drie-enige gemeenskap, reflekteer. Kom ons kyk van nader:

Zizioulas (2002:15) maak die stelling "ecclesial being is bound to the very being of God". Die kerk is nie bloot 'n instelling nie, maar 'n modus van bestaan, 'n manier van wees. Die "wees" is gelyk aan die erkenning dat die mens die beeld van God is. Die feit dat 'n mens deel gemaak word van die kerk, maak van hom/haar beeld van God. Daarom is "om beeld van God te wees" nie iets wat mens self bereik nie, maar dit is deel ('n produk) van 'n verhouding. Die kerk as gemeenskap reflekteer God. Daarom is dit noodsaaklik vir kerk-wees om 'n visie te hê op die wese van God.

In die vroeë kerk is min gesê oor die wese van die kerk, maar baie gemaak van die wese van God. Hierdie beskryf van die wese, die syn, van God is aan die een kant bemoeilik deur die ontologie van die Griekse wêreld wat monisties was, waar syn van die wêreld en die syn van God vir hulle 'n onbreekbare eenheid was. Aan die ander kant is die oortuiging van die gnostiese kringe wat 'n kloof tussen God en die wêreld geplaas het.

Zizioulus (2002:16) beskryf die teologiese insigte van die Griekse vaders oor die wese van God as iets groots: "The creation of this achievement was perhaps the greatest philosophical achievement of patristic thought." Die interessante is dat hy die ekklesiologiese ervaring van die vaders as die deurslaggewende faktor vir hulle teologiese insig verstaan het, om tussen die twee bestaande denkpatrone te kon deurbeweeg. Hy doen dit deur die maak van 'n baie breë stelling waaroor 'n mens kan redeneer, maar waarin daar tog iets skuil om oor na te dink.

Volgens hom kon die akademici van dié tyd, Apologete soos Justinus die Martelaar en Alexandrynse teoloë soos Clemens en Origines, nie wegbeweeg van 'n monisme nie. Vogens hom was hulle ingestel op Christendom as openbaring en wou ook die erkenning van die filosowe van hulle dag ontvang. God moes verduidelik word. Daarteenoor het die biskoppe en pastorale teoloë soos Ignatius van Antiochië, Ireneaus en Athanasius die wese van God benader vanuit die ervaring van die ekklesiologiese gemeenskap: "This experience revealed something very important: the being of God could be known only through personal relationships and personal love. Being means life and life means communion." (Zizioulas 2002:16.) Gemeenskap word deur hulle gesien as die kern van kerk-wees en soos dit later sterk ontwikkel het in veral die Ortodokse tradisie, is die eucharistie die teken en bevestiging van hierdie gemeenskap.

Dié ontologie, gebore uit die gemeenskaplike ervaring van kerk-wees, het die kerkvaders gelei om hulle dogma van die wese/syn van God uit te werk. Die werk van Athanasius van Alexandrië en die Kappadosiese vaders was hier belangrik. Vir hulle is God 'n verhoudingswese. Daarom is daar geen ware syn/wees sonder gemeenskap nie en so word gemeenskap dan 'n ontologiese kategorie.

'n Tweede insig van die vaders is: Gemeenskap wat nie kom van 'n "hypostasis" ('n konkrete en vry persoon soos God) nie en nie lei tot "hypostases" (konkrete en vry persone) nie, is nie 'n beeld van die wese van God nie. 'n Persoon kan nie bestaan sonder gemeenskap nie, maar elke vorm van gemeenskap wat 'n persoon nie erken nie of onderdruk, is ontoelaatbaar. Die mens se vryheid moet erken word.

Al bogenoemde is slegs 'n bolangse bekendstelling aan oortuigings onderliggend aan 'n tipe kerkverstaan, maar tog vind ons 'n weerklank van die woorde in ons dag: Die belang van verhoudings bo struktuur (verhouding skep struktuur of die kerk vloei uit God); die waardigheid van die mens as vrye wese deur God geskep, 'n waardigheid wat in 'n gemeenskap bevestig moet word; die visie op God wat die kerk in haar aard moet reflekteer; dat ervaring nooit negeer kan word nie en dat die verwoording van God spruit uit 'n gemeenskapservaring wat deur God se inisiatief tot stand gebring is. Veral van belang is egter die misterie, die "nie-verstaan", van God-wees, kerk-wees en menswees wat 'n intieme gemeenskap-wees is, iets wat ons nie altyd kan omsit in woorde nie.

BRON
Zizioulus, J.D. 2002. *Being as Communion. Studies in Personhood and the Church*. St Vladimir's Seminary Press. New York.